# AANTEKENINGE OOR GESPREK MET MUNISIPALE BESTUURDER OP 30 Mei 2012

Die gesprek met Mnr. Kenned, Munisipale bestuurder was baie insiggewend en het 'n baie goeie fondament gele vir gesprekke vorentoe. Ongelukkig was die tyd baie beperk en kon ons nie alles aanroer nie. Die volgende punte is geopper en antwoorde op gekry:

1. Waardasies
Waardeerder is deur die Distriksraad aangestel en Cederberg het nie aandeel daaraan nie.
Hul is terdee bewus van die foute in die sisteem en doen alles in hul vermoe om die foute reg te stel.
Hy beveel aan dat ons alle probleem waardasies op skrif stel en aan hom stuur sodat hy 'n herwaardasie kan aanvra. (Kantak Jack vir volle besonderhede)
Hul wil poog om die waardasietariewe so laag as moontlik te hou.
Daar is ook sprake dat 'n gedeelte van die waardeerder se geld teruggehou gaan word.

2. R20- heffings
Hul hou nie van die gedagte nie maar moet fondse in om opgraderings te doen. Die heffing op vullisverwydering is reeds geskrap.

3. Water
Die ontsoutingsaanleg is baie duur en en skyn nie die regte opsie te wees nie maar moet voortgaan. Vir die toekoms sal daar moontlik na ander maniere gekyk moet word.

4. Toerisme
Verskeie moontlikhede word ondersoek en geld van buite is beskikbaar om dit uit te brei.

5 Ander sake soos werkskepping, Soopjeshoogte ens. is aangeraak en onder hul aandag gebring.

Die belangrike van alles was dat die CIV en die ander forums nou werklik erken word en ons nou 'n oop deur na die bestuurder het.

Wat ook duidelik uit die gesprek kom is dat daar heelwat geld vanaf die sentrale regering kom.

Indien jul meer wil weet kontak gerus vir Jack

In hoe 'n mate die dinge positief gaan wees sal ons maar moet sien.